

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

2019

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dit was 'n lekker familietroue! **[50]**

1.2 Almal verdien 'n tweede kans. **[50]**

1.3 Draai die moderne mens se lewe om selfies? **[50]**

1.4 As die krane opdroog ... **[50]**

1.5 Mooi, mooier, die mooiste! **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1

[Bron: google] **[50]**

1.6.2

[Bron: google] **[50]**

1.6.3

[Bron: Booleanstrings.com] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jou broer kon nie jou pa se sestigste verjaarsdagpartytjie bywoon nie.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou broer om vir hom van jou pa se partytjie te vertel. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou ouma wat jou grootgemaak het, vier haar sewentigste verjaarsdag. Die familie hou vir haar 'n partytjie. Jy moet namens die familie 'n huldeblyk aan jou ouma lewer. **LET WEL:** Ouma lewe nog.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

2.3 **RESENSIE**

Jy was onlangs by 'n musiekvertoning deur 'n bekende sanggroep.

Skryf 'n RESENSIE oor hierdie musiekvertoning. **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jou beste vriend het 'n goeie werk oorsee gekry. Jy is gevra om 'n toespraak by sy afskeidsfunksie te lewer.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jy het iemand genooi om met die mense in jou omgewing te kom praat oor hoe belangrik dit is om die omgewing skoon te hou. Jy wil 'n plakkaat maak om hierdie praatjie adverteer.

Maak 'n PLAKKAAT. **[20]**

3.2 **POSKAART**

Jy is met vakansie op 'n plek waar daar interessante aktiwiteite aangebied word.

Jy stuur 'n poskaart aan jou ouers om vir hulle te vertel van een van hierdie nuwe dinge wat jy nog nóóit vantevore gedoen het nie.

Teken die poskaart hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.



[20]

3.3 **INSTRUKSIES**

Julle kry kuiermense en hulle gaan in jou en jou suster/broer se kamer slaap. Jou ma wil hê dat jy en jou suster/broer die kamer vir die kuiermense moet regmaak/netjies maak. Sy gee vir julle SEWE duidelike instruksies oor wat sy gedoen wil hê.

Skryf hierdie SEWE instruksies puntsgewys en onder mekaar neer. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou